NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbeleidenis

*ahv Johannes Evangelie*

## AHV JOHANNES EVANGELIE

| | |
|---|---|
| **Voorganger:** | Ek glo in Jesus Christus, die Woord wat mens geword het. |
| **Gemeente:** | Ons het sy heerlikheid gesien, vol genade en waarheid. |
| **Voorganger:** | Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. |
| **Gemeente:** | Hy is die Seun van God. |
| **Voorganger:** | Hy is die brood wat lewe gee. |
| **Gemeente:** | Wie na Hom toe kom, sal nooit weer honger ly nie;<br>en wie in Hom glo, sal nooit weer dors kry nie. |
| **Voorganger:** | Hy is die lig vir die wêreld. |
| **Gemeente:** | Wie Hom volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee. |
| **Voorganger:** | Hy is die goeie Herder. |
| **Gemeente:** | Hy lê sy lewe af vir sy volgelinge (skape). Hy ken sy volgelinge (skape) en hulle ken Hom. |
| **Voorganger:** | Hy is die opstanding en die lewe. |
| **Gemeente:** | Wie in Hom glo, sal lewe, al sterwe Hy ook. |
| **Voorganger:** | Hy is die weg, die waarheid en die lewe. |
| **Gemeente:** | Niemand kom na die Vader toe behalwe deur Hom nie. |
| **Voorganger:** | Hy is die ware wingerdstok. |
| **Gemeente:** | As ons in Hom bly en Hy in ons, sal ons baie vrugte<br>dra, want sonder Hom kan ons niks doen nie. |

(Uit die Evangelie van Johannes)
(Uit Bybelmedia se Vir die erediens- 'n Handleiding, 2007)